Aktiwiteit 3: Persoonlike begroting

- Jy ontvang R50 sakgeld van jou ouers elke maand.
- Elke naweek was al die karre in julle buurt. Jy verdien elke maand R80 daarmee.
- Jy gaan 1 keer 'n maand fliek kyk. Dit kos R60 vir die fliek, koeldrank en popcorn.
- Jy spandeer R10 per week by die skool se snoepie. (4 weke per maand)
- Jy skuld jou suster R100 en moet dit oor 'n 4-maande periode terugbetaal. (R100 deel deur 4)
- Jy sien 'n pragtige paar 'sneakers' in die winkel en besluit om daarvoor te spaar. Dit kos R450.
- Jy het slegs R120 in jou bankrekening op 1 Mei 2019.

Stel 'n Kontantbegroting op vir die tydperk 1 Mei 2019 tot 30 Junie 2019.

a. Bereken die bedrag geld in jou bankrekening aan die einde van Junie 2019. R130

b. Bereken die bedrag geld wat jy kortkom om die 'sneakers' te koop. R450-R130 = R320

c. Hoeveel maande sal dit jou neem om die 'sneakers' te koop as jy aangaan soos nou. Wys jou bewerkings.

d. Jy wil nie so lank wag nie. Wat stel jy voor om te doen om dit vinniger te kan koop?

Doen ekstra werkies om geld te verdien of hou op fliek toe gaan

Kontantbegroting vir die tydperk 1 Mei 2019 tot 31 Junie 2019.

	Mei	Junie
INKOMSTE		
Sakgeld	R 50	R 50
Karwas	R 80	R 80
TOTALE KWITANSIES	R 130	R 130
BETALINGS		
Fliek	R 60	R 60
Snoepie (8 weke)	R 40	R 40
Suster terugbetaal	R 25	R 25
TOTALE BETALINGS	R 125	R 125
Surplus/Tekort	R 5	R 5
Bank Beginbalans	R 120	R 125
Bank Sluitingsbalans	R 125	R 130
NETTO WAARDE (Surplus of Tekort)		R 130

c. Nog 2 maande van R5 elk spaar = dus nog R310 nodig
Daarna is suster klaar betaal en kan jy R30 elke maand spaar (R25 + R5)
R310 deel deur R30 = 10 maande ten minste

Kopiereg: Marenda Venter – 2020
Pharos School